Die studie word ingelei met 'n uiteensetting van die rol van die konsumpsiefunksie in die makro-ekonomie. Daar word in die besonder gelet op die aanname van stabiliteit van die konsumpsiefunksie wat met verloop van tyd deur empiriese navorsing aan verskeie kwalifikasies onderwerp is. Hierdie studies wys op die noodsaaklikheid vir die ontleding van 'n gedifferensieerde verbruikerspatroon ten einde die aard en kenmerke van die onderskeie bestedingskomponente te bepaal. Ooreenkomstig hierdie benadering word die onstabiliteit van die konsumpsiefunksie in die korttermyn grootliks teruggevoer na die toenemende belangrikheid van diskresionere elemente in verbruikersoptrede en onsistematiese verskuiwings in koopkragverdeling tussen verskillende verbruikersgroepe.

Die huidige studie wys egter daarop dat die omvang van diskresionere elemente by die stedelike Bantoe op die huidige stadium as onbelangrik geïgnoreer kan word. Verder vergelyk die berekende elastisiteitskoëffisiënte vir stedelike Bantoehuishoudings redelik gunstig met die van minder gegoede verbruikersgroepe in Europese lande. Ooreenkomstig is daar weinig rede om te glo dat die verbruikersgedrag van die stedelike Bantoe enigsens noemenswaardig sal afwyk van die van minder gegoede Blanke verbruikers in Suid-Afrika.

In die lig van hierdie bevindings skyn daar weinig grond te wees om te glo dat die Bantoe hom op hierdie stadium enigsens sal voordoen as 'n onsistematiese element met betrekking tot sy bestedingsgedrag enersyds, en sy beskikking oor koopkrag andersyds. Derhalwe kan die stedelike Bantoe, as vraagfaktor, op die huidige stadium nie gesien word as 'n bron van onstabiliteit in die Suid-Afrikaanse verbruiksfunksie nie.

Die berekenings en bevindings van die huidige studie is van besondere waarde vir makro-ekonomiese vooruitskattings en beleidsbepaling. Verder is dit ook van waarde vir mikro-ekonomiese marknavorsing.

Author/Skrywer:	SCHOLTZ, Johannes Albertus
Supervisor/Leier:	Prof. F. v.d. Bogaerde
Degree/Graad:	M.Com.
Faculty/Fakulteit:	Commerce and Administration/Handel en Administrasie (Dept. Economics/Ekonomie)
Title/Titel:	*A Study of the Development of Bantu Wage Structure in the Copper Mining Industry in Northern Rhodesia* 1929–1962
Medium:	English

Development of Underdeveloped Countries

The economic growth of underdeveloped countries is receiving a great amount of attention in economic thinking at present. There appear to be two trends of thought regarding development, firstly, that the general standard of living in such countries should be raised by introducing labour-intensive industries and, secondly, that capital-intensive industries should be introduced.

The latter train of thought involves the introduction of an expatriate skilled labour force till such time as the indigenous population can be trained.

The Question of Wages

In the first approach the policy would be to raise the wage structure of the indigenous population as a whole. In the case of the second approach the policy to be followed is not so clear and the question arises as to whether the wage structure of the minority employed in capital-intensive industries should be related to the general wage structure of the foreign skilled labour force.

An International Labour Organisation resolution appears to accept with specific reference to Africa, that the wage structure of the employees, in an underdeveloped country, should be related to the wage structure of the skilled labour force. The resolution further implies, that where that is not the case, any differentials that exist are due to racial discrimination. With this statement, the writer disagrees and maintains that inter-occupational differentials in countries with dual economics are due to a great variety of factors.

Empirical Study of Position in Northern Rhodesia

An empirical study of the wage structure of the African employees of Copper Mines in Northern Rhodesia, is made in order to

distinguish the various factors, that were operative. As a necessary background, the development and growth of the Copper Mines are investigated, and the demand for labour to which this growth gave rise. The policies of the British and Northern Rhodesian Governments and of the Copper Mining Companies are investigated. It is shown that during the whole period under consideration, it was the expressed policy of the British Government to give every opportunity to the indigenous population, to develop to the fullest extent.

At first a policy of balanced development was followed, and an attempt was made to spread the benefits to be derived from employment in the cash economy as widely as possible by adhering to a system of migratory labour. The Government of Northern Rhodesia was very reluctant to allow the Copper Mining Companies to adopt a policy of stabilisation of labour, after their experience of having had to repatriate a vast number of unemployed workers to their tribal areas, when some of the mines closed down during the World Depression in the early 1930's.

When a change was made to a policy of using stabilised labour, the question of the advancement of the African in industry, came to the fore. This naturally involved the question of the dual wage structure which was in operation. The Mining Companies, with the support of the Northern Rhodesia Government attempted to bring about a unitary wage structure for the whole industry. The concept of a unitary wage structure is examined at a later stage in order to show that the parties concerned held different ideas as to what constituted a unitary wage structure. The Mining Companies interpreted it as merely creating a bridge across the gap between the two structures by means of which outstanding Africans, could progress, into the semi-skilled/skilled wage structure. The African Labour Union, the creation of which was sponsored by the Government, interpreted it as a wage structure similar to those in advanced industrial countries. This difference in conception gave rise to difficulties.

The European Labour Union opposed the proposals of the Companies for African Advancement and a long protracted struggle ensued, the history of which is traced. The Government appointed various Commissions of inquiry of African advancement to higher positions. Since, however, from Commission reports it was clear that African advancement would involve the replacement of Europeans and the fragmentation of some jobs, the European Union agreed to some measure of advancement after considerable opposition and eventually to African trainees being accepted for the higher jobs.

The Factors influencing Wage Structures

An analysis of Wage Theory is then made to determine the factors influencing wage structures, and their influence on the

narrowing and widening of inter-occupational differentials. Then follows an analysis of all the factors, economic, institutional, social and political, that were involved in the above situation and their influence on the inter-occupational differentials.

Conclusion

The conclusion is arrived at that a great number of factors influence wage structures in countries with dual economics and that the isolation of one factor i.e. racial discrimination as was done by the International Labour Organisation gives an erroneous picture of the situation. In fact, since the whole situation can be interpreted in other than racial terms, the conclusion must be arrived at that the racial factor was merely ancillary to the whole question of inter-occupational differentials.

Author/Skrywer: FRANZSEN, Frank Malan

Supervisor/Leier: Prof. E. H. Venter

Degree/Graad: M.Ed.

Faculty/Fakulteit: Education/Opvoedkunde (Empirical Education/Empiriese Opvoedkunde)

Title/Titel: *Die invloed van emosies op sosiale vorming en op insig in die opvoedingsproses*

Medium: Afrikaans

Die ondersoek in hierdie verhandeling beoog 'n drieledige doelstelling nl.:

om die voorkoms en aard van sosiale aanpassing en insig soos by adolessente leerlinge in die hoërskool aangetref word behoorlik na te gaan;

om die verband wat daar tussen hierdie twee verskynsels mag bestaan te probeer bewys en met mekaar te korreleer aangesien albei as gevoels- of gesindheidsituasies beskou kan word;

om die bevordering van hierdie twee noodsaaklike persoonlikheidseienskappe by adolessente leerlinge aan die hoërskool te probeer ontwikkel en te vergemaklik deur doelgerigte groepleiding en groepervaring (sosiale opvoeding) aan te wend vir suksesvolle gesindheidvorming.

In die eerste hoofstuk is die probleem van onsimpatieke gevoelsarme opvoeding wat die ideaal van goeie sosiale aanpassing, insig en gesindheidvorming laat misluk, sorgvuldig gestel. Aspekte van die probleem wat onder die soeklig geplaas word is die volgende:

(*a*) Daar is in die skool leerlinge wat om verskeie redes in 'n mindere of meerdere mate sosiaal aangepas is; hierdie sosiale aanpassing vereis verdere diagnose en studie.

(*b*) Dieselfde groep leerlinge sal ook elkeen individueel 'n sekere gesindheid (of emosionele insig) teenoor 'n spesifieke situasie soos bv. Rekene as skoolvak openbaar; ook hierdie insigverskynsel word gediagnoseer en oor 'n periode van minstens nege maande empiries bestudeer en ondersoek.

(*c*) Daar bestaan waarskynlik 'n noue verband tussen sosiale aanpassing en die vermoë om insig te openbaar, d.w.s. gesindheidvorming om tot sosiale en nuwe insigte gelei te kan word; hierdie verband word gevolglik nagespeur.

(*d*) Deur gebruikmaking van groepleiding en groepervaring binne 'n klub as aanvullende opvoeding binne die raamwerk van

natuurlik en vrywillig moet lewer by die ervaring en waarneming van allerhande situasies. Uit die Rorschach-openbarings van die adolessente meisies se persoonlikhede blyk o.m. dat

(*a*) dit moontlik is om deur doelgerigte en doeltreffende groepervaring die projeksie d.w.s. die persoonlikheid oor 'n proefperiode effens te wysig en selfs te verbeter omdat daar sosiale aanpassing en gesindheidvorming plaasgevind het;

(*b*) emosionele spanning wat veroorsaak word deur onderdrukking van die innerlike vermoëns en impulsiewe lewe, angstoestande, uitermate hoë ambisies, oorgevoeligheid, emosionele verwaarlosing e.s.m. die projeksie en persoonlikheidsontwikkeling nadelig beïnvloed.

Aanbevelings

Na aanleiding van hierdie resultate word die volgende aan die hand gedoen in belang van die opvoeding en onderwys nl.:

Geen opvoedingsprogram en -stelsel mag die sosiale aanpassing van die jeug verwaarloos nie want anders sal die gevoelslewe in die lewe en opvoeding van die mens skade ly.

Geleidelike gesindheidvorming om tot nuwe insigte gelei te word behoort die strewe binne en buite die ouerhuis, die skool, die kerk en in die gemeenskap te wees.

Elke jeuggroep saam met 'n volwassene (ouer, onderwyser of iemand anders) soos bv. die huisgesin, klas, skool, jeugklub, span, brigade, bende, korps e.s.m. moet altyd as 'n leerskool vir die kind dien om onderlinge menslike verhoudinge en gesindhede psigoterapeuties te vorm.

Alle ware opvoeders (ouers, onderwysers en jeugleiers) moet eers hul eie emosionaliteit besef, bestudeer, verstaan en stabiliseer voordat daar sprake kan wees van stabiliteit in hul opvoedingstaak.

Heelwat praktiese wenke word aan die hand gedoen sodat die wêreld van die kind binne en buite die ouerhuis, die skool en jeugaktiwiteite gesuiwer word van alle invloede wat sy opvoedingsavontuur asook sy sensitiewe en ontwikkelende persoonlikheid skadelik sou beïnvloed.

Finale gevolgtrekkings

Die sosiale vorming en insigvorming word die beste deur groepervaring en -leiding ontwikkel en vergemaklik. Hierdie twee gevoelsituasies korreleer beslis met mekaar want hoe doeltreffender die sosiale vorming geskied hoe doeltreffender is die insigvorming.

Author/Skrywer: LÖTZ, Josias van Zyl

Supervisor/Leier: Prof. E. H. Venter

Degree/Graad: M.Ed.

Faculty/Fakulteit: Education/Opvoedkunde (Dept. Empirical Education/Empiriese Opvoedkunde)

Title/Titel: *Die verskynsel van verstandsafwyking en 'n ondersoek na die optimum grootte van Senior Spesiale Skole vir verstandsafwykende leerlinge*

Medium: Afrikaans

Omskrywing van die begrip

In die studie word deurgaans onder die begrip verstandsafwyking spesifiek net na negatiewe verstandsafwyking verwys en dan ook slegs na die opvoedbare negatief verstandsafwykende vir sover hy voordeel uit 'n aangepaste opvoedkundige program kan trek.

Verder het die plaaslike navorsing slegs betrekking op die Transvaalse skoolwese en die aanbevelings waartoe uiteindelik geraak word, is ook net in ooreenstemming met die huidige onderwysbeleid in Transvaal.

Aanleiding tot die studie

Verstandsafwyking is nie 'n ongelukkige toestand wat beperk is tot een of ander volks- of gemeenskapsgroep nie. Ook is dit nie 'n toestand wat na willekeur bewerkstellig of voorkom kan word nie. Verstandsafwyking kom voor in ryk en arm, opgevoede, onopgevoede, geletterde en ongeletterde gesinne. Verstandsafwykendes is deel van elke ras, nasie en geloof, sodat verstandsafwyking in der waarheid as 'n universele probleem beskou kan word. Daarom dat verstandsafwyking as 'n uitdaging kom, primêr tot die opvoedkundige en sekondêr tot die gemeenskap. Onder die hedendaagse opvoedkundige opvatting is opvoeding en onderwys nie langer 'n voorreg van die gegoedes nie, maar dit is die reg van almal, dus ook van die verstandsafwykende, omdat hy wel op sy besondere vlak 'n gemeenskapsbydrae kan lewer in ooreenstemming met sy potensialiteite. Deur dit te doen word van die verstandsafwykende 'n bate in plaas van staatslas gemaak.

Uit hoofde van sy belemmering stel die verstandsafwykende besondere eise aan die onderwys, veral ten opsigte van sy potensiële beroepsnuttigheid, klas- en skoolgrootte.

Doelstellings

Die doel met hierdie studie is om die verskynsel van verstandsafwyking uit die literatuur te ondersoek aan die hand van die volgende:

— Die begrip: verstandsafwyking

— Belangrikheid van die verskynsel

— Voorkomssyfer

— Kriteria vir verstandsafwyking

— Fisiese en psigiese eienskappe van die verstandsafwykende

— Probleme van die verstandsafwykende

In die lig van die besondere eise en probleme wat hieruit blyk, word dan uiteindelik besin oor die ideale opvoedingsgeleenthede vir die verstandsafwykende, veral ten opsigte van die optimum klas- en skoolgrootte.

Eie ondersoek

Deur middel van vraelyste aan etlike oorsese lande is die huidige beleid en opvoedkundige voorsiening vir verstandsafwykende leerlinge nagevors. Verder is omvattende vraelyste aan die hoofde van al die seninr spesiale skole in Transvaal gestuur, terwyl persoonlike onderhoude met 'n aantal skoolhoofde gevoer is. Uit hierdie gegewens is die volgende aspekte ten opsigte van die verstandsafwykende leerlinge ondersoek:

— Psigiese en fisiese afwykings

— Sosio-ekonomiese agtergrond van die gesin

— Voorberoepsopleiding van seuns en meisies

— Die oordeel van die skoolhoofde met betrekking tot die optimum grootte van senior spesiale skole

Belangrikste bevindinge

In die buiteland en plaaslik is skole vir verstandsafwykende leerlinge deurgaans gemengde skole vir seuns en meisies.

Plaaslike omstandighede, beskikbare fasiliteite, maar veral beskikbare opgeleide personeel bepaal grootliks die skoolgrootte. Skole wissel in grootte van 50 leerlinge tot meer as 500 per skool.

In Transvaal is die gemiddelde werklike skoolgrootte 271 leerlinge en in die buiteland 234 leerlinge.

Verstandsafwykende leerlinge kom merendeels uit groot huisgesinne wat sosio-ekonomies onder gemiddeld is. Ongeveer 20% van alle senior leerlinge in spesiale skole kom uit huisgesinne waar die maandelikse inkomste minder as R100 is terwyl die aantal kinders van 6 tot 10 plus per gesin wissel.

Die graad van afwyking van die leerling het eerder 'n invloed op die klasgrootte as op die skoolgrootte.

Daar is groot verskille ten opsigte van die praktiese onderrig van leerlinge. In Transvaal is die verhouding tussen skolastiese en praktiese onderrig min of meer op 'n 50-50-basis.

Ongeveer 65% van die leerlinge in spesiale skole in Transvaal word vir spesiale onderwys gesertifiseer voor hulle 13de jaar.

Die gemiddelde I.K. van die leerlinge in spesiale skole in Transvaal is 72.5.

Seuns blyk minder handvaardig te wees as meisies. 80% van die seuns is redelik tot goed in handvaardigheid terwyl die persentasie by meisies 86% is.

Skolasties bring die leerlinge dit gemiddeld nie verder as st. II of III nie.

Belangrikste aanbevelings

Met inagneming van sy belemmering, word aanbeveel dat spesiale opvoedkundige voorsiening as voorvereiste vir die opvoeding van die verstandsafwykende as algemene beleid aanvaar sal word.

Daar word aanbeveel dat 'n einde gemaak word aan die beleid van verdeelde onderwysbeheer vir sover dit die provinsies die reg ontneem om volle beroepsonderwys aan leerlinge in spesiale skole aan te bied.

Verstandsafwyking gaan dikwels gepaard met fisiese afwykings. Dit is baie belangrik dat hiervan kennis geneem sal word in die opvoedkundige program.

Verstandsafwykende leerlinge sal uiteindelik hoofsaaklik aangewese wees op die halfgeskoolde en ongeskoolde arbeidsvelde veral in die industrieë wat in en om die groot stede gekonsentreer is. Dit

word derhalwe aanbeveel dat spesiale skole hoofsaaklik in die stede gestig sal word.

In die praktiese rigtings moet veral rekening gehou word met die arbeidsmoontlikhede van die besondere rigting. Daar moet daadwerklike pogings aangewend word om daardie rigtings aan te bied wat wel deur die verstandsafwykende bemeester kan word en waarin hy 'n toekomstige werksverwagting kan hê.

As gevolg van die besondere eise en omstandighede van die verstandsafwykende word aanbeveel dat die gemiddelde klasgrootte vir skolastiese werk nie groter as 14 leerlinge per onderwyser en vir praktiese onderrig nie meer as 16 leerlinge per instrukteur sal wees nie.

Daar word aanbeveel dat die optimum grootte van 'n senior spesiale skool vir verstandsafwykende leerlinge 300 leerlinge sal wees. Dit blyk 'n realistiese en praktiese eenheid in ooreenstemming met die toestande in die buiteland, die huidige onderwysbeleid in Transvaal, skoolorganisasie, personeelvoorsiening, homogene groepering, voorberoepsopleiding, bestaande fasiliteite en die algemene oordeel van die skoolhoofde te wees.

Author/Skrywer:	OOSTHUIZEN, Jacobus Daniel
Supervisor/Leier:	Dr. J. C. Steenekamp
Degree/Graad:	M.Ed.
Faculty/Fakulteit:	Education/Opvoedkunde (Dept. Empirical Education/Empiriese Opvoedkunde
Titel/Titel:	*Die ontwikkeling van die kritiese denke met spesiale verwysing na die adollesent: 'n empiriese ondersoek*
Medium:	Afrikaans

Probleemstelling

Denke is 'n geestesproses wat kennis as grondslag het, maar ook beïnvloed word deur die affektiewe en konatiewe aspekte van die persoonlikheidstruktuur. Deur die denkakt word die kennis ondersoek, ontleed, saamgevoeg, veralgemeen en geabstraheer.

As motief vir die begin, die verloop en die beëindiging van die denkakt is daar die taak wat deur die omgewing in die vorm van 'n probleem of 'n opdrag aan die mens gestel word.

Kritiese denke bestaan daaruit dat dit aan alle vereistes van denke moet voldoen, maar dat dit gekenmerk word deur 'n besonder objektiewe en ondersoekende gees en dat dit kennis van die tegnieke van ondersoek, evaluering en redenasie vereis.

Kritiese denke moet aangeleer word en soos alle aangeleerde funksies sal dit vanaf 'n klein begin verder ontwikkel moet word.

Wanneer geen vooroordeel meer bestaan nie, en wanneer onder alle omstandighede tot 'n betroubare waardebepaling en toepassing van die oortuiging geraak is, het die mens geleer om krities te dink.

Die kind kan geleer word om te dink deur aan hom die basiese kennis te verskaf en hom te leer om die objektiewe verband tussen die dele van hierdie kennis te vind.

In die Republiek van Suid-Afrika val die klem in die skoolopvoeding eerder op die bybring van kennis as op die ontwikkeling van die denke. Dit word veral veroorsaak deur die oordrewe waarde wat aan kennis geheg word.

'n Kritiese oorsig in verband met die Literatuur in verband met denke en kritiese denke

Volgens die assosiasiesielkunde berus die denke op 'n vlegwerk van voorstellinge.

As reaksie teen die assosiasiesielkunde, verklaar die veldteorieë

dat gevormde patrone of stelsels die belangrikste faktore in die denke is.

Die Würzburgse skool ondersoek die onaanskoulikheid van die denke asook die rol van die *taak* in die denke. Gedagtes word verklaar as volledige psigiese prosesse. Selz verklaar die denke as sou dit ontstaan en verloop, as gevolg van die volledige *denktaak* (Gesamtaufgabe). Die Gestaltsielkunde verklaar alle psigiese aktiwiteite volgens die beskouing dat die hele situasie as 'n geheel gekonstrueer en gerekonstrueer word. Volgens 'n ander sielkundige teorie onstaan die denke uit die drie bewussynslae wat die konkreet-aanskoulike, die skematiese en die abstrakte inhoude bevat.

Daar bestaan 'n noue verband tussen denke en taal. Albei ontwikkel vanaf die konkreet-aanskoulike tot die abstrakte. Beide denke en taal berus op begrippe.

Dikwels word kritiese denke en probleemoplossing as sinoniem beskou. Besondere norme en waardes kenmerk egter kritiese denke.

Verskeie navorsers het reeds ondersoek ingestel na die ontwikkelingsmoontlikhede van kritiese denke, en daar is verskeie toetse saamgestel ten einde die ontwikkeling van kritiese denke te meet.

Adolessente Denke

Die denke van die adolessent het reeds verder ontwikkel as dié van die kind. Die kind se denke is emosioneel-egosentries van aard en die meeste eienskappe wat volwasse denke kenmerk, ontbreek by die kind.

Die ontwikkeling wat die adolessent op ander terreine ondergaan, het 'n direkte invloed op sy denke. Om hierdie rede moet in 'n ondersoek oor die denke van die adolessent, ook aandag gegee word aan die sosiale ontwikkeling, die fisiese ontwikkeling, die verstandelike ontwikkeling en die religieus-filosofiese ontwikkeling.

Dit kan met reg verwag word dat die kritiese denke gedurende adolessensie teen 'n hoë tempo ontwikkel, omdat die adolessent besonder krities ingestel is, daarin slaag om persoonlike betrekkinge te verontagsaam en deduktief te dink. Nogtans is die adolessent tot 'n groot mate 'n gevoelsdenker, omdat die affektiewe instelling en die integrering van die persoonlikheidsfaktore nog nie die volwasse vlak bereik het nie.

Die ontwikkeling van die adolessente denke word duidelik weerspieël in die ondersoeke in verband met die verstaan van meganiese verskynsels, verbandvinding en evaluering, begripsvermoë, insig in gedigte en gelykenisse, ontwikkeling van humor en rekenkundige berekeninge.

Die psigologie en die logika van die Denke

Die denkakt, as 'n proses wat in die bewussyn verloop, bevat die drie elemente van alle bewussynsfunksies, nl. die kognitiewe, die affektiewe en die konatiewe aspek.

Kennis is die belangrikste enkele faktor van die kognitiewe aspek, en vir die denke is nie slegs 'n parate kennis nodig nie, maar ook 'n funksionele kennis.

Die denke kan egter nie suiwer verstandelik benader word nie, aangesien die affekte 'n belangrike funksie by die denke verrig. Die emosionele of gevoelslewe gee kleur en vitaliteit aan die lewe, en dus ook aan die denke van die mens.

'n Derde aspek wat die denke kenmerk, is die konatiewe aspek. Die denke staan in noue verband met die bevrediging en die nie-bevrediging van die mens se behoefte.

Dit is egter nie net die persoonlikheidsstruktuur wat 'n invloed op die denke uitoefen nie, maar ook die formele logika. Die logika is 'n wetenskap wat gegrond is op redenasie en gevolgtrekkings of afleidings.

Albei die faktore, naamlik die psigologie en die logika beïnvloed die denke. Hierdie afsonderlike invloede kan positief wees, wanneer dit geïntegreerd en aanvullend langs mekaar funksioneer.

Die insameling van gegewens en die bespreking daarvan

Daar bestaan reeds verskeie tegnieke wat die ontwikkeling van die kritiese denke ten doel het.

Omdat die meervoudige keusevraag as toetsmiddel besondere voordele inhou, het die skrywer hierdie metode aangepas om terselfdertyd as toetsmiddel en onderrigmetode te dien. Deur die aanwending van 'n vloeistof op 'n besondere plek en die daardeur verkryging van 'n kleur kon die leerling sy antwoord dadelik evalueer.

Naas die eksperimentele groep is ook 'n kontrole groep gehou en 'n aantal gestandardiseerde toetse asook selfopgestelde toetse is voor en na afloop van die eksperiment by beide groepe afgeneem.

Volgens 'n nie-parametriese metode is die gegewens statisties ontleed en die korrelasiekwosiënt tussen die toetsprestasies en die intelligensie van die betrokke leerlinge is bereken. Ook is 'n aantal gevallestudies gedoen om die verband tussen huislike omstandighede en persoonlike eienskappe enersyds en die ontwikkeling van kritiese denke andersyds te bepaal.

Gevolgtrekkings, aanbevelings en Implikasies

Die skrywer het gevind dat kritiese denke deur die metode van gemotiveerde meervoudige keusevrae, wat op die doen van vertaling in Duits toegepas is, kritiese denke kan ontwikkel en dat gewone skolastiese prestasie ook daardeur verbeter kan word. Die leerlinge met die laer I.K.'s het die tendens getoon om in verhouding meer baat te vind by die eksperimentele onderrigmetode. Wat betref die redenering- en klassifikasietoetse was daar die tendens dat die leer-

linge met die hoër I.K.'s in verhouding meer gebaat het by die besondere metode van onderrig.

Die denkvermoë mag positief beïnvloed word deur 'n goeie sosio-ekonomiese agtergrond, bestendigheid in die huis en die intellektuele ontwikkeling van die ouers.

Die doelstelling van die onderwys behoort verander te word en meer kennis aangaande die onderrig en aard van kritiese denke behoort verwerf te word. Dit sou meebring dat leergange sowel as onderrigmetodes hersien moet word.

Author/Skrywer:	OVERDUIN, Pieter Gerrit Johannes
Supervisor/Leier:	Prof. D. H. Cilliers
Degree/Graad:	M.Ed.
Faculty/Fakulteit:	Education/Opvoedkunde (Dept. Method and Administration/Onderwysmetodiek en -administrasie)
Title/Titel:	*Die onderwysbiblioteekwese in enkele Europese lande en in Transvaal: 'n vergelykend-kritiese studie*
Medium:	Afrikaans

The Education Librarianship in some European countries and in the Transvaal: A comparative-critical study

General

In the course of a study tour it was possible for the author to examine school library systems and related matters in a number of European countries.

In comparing the school libraries of Great Britain, Norway, Sweden, Denmark and the Netherlands with those of the Transvaal, it is apparent that in the short period of less than twenty years so much leeway has been made up that Transvaal school libraries compare favourable with those of Western-Europe.

With the establishment of the T.E.D. Library Service in 1951 the Transvaal Education Department laid a strong foundation for education librarianship. It was on the recommendation of this Library Service that a firm groundwork of policy and its implementation for school libraries was established. Likewise, on representations from this Service, the departments of school and college librarianship were set up in the colleges of education, and these departments, as well as the libraries which form a part of them, were placed on a firm footing so far as staff, accommodation and allocations are concerned. Furthermore, when the Library Service came into being, the Education Library, which had existed since about 1918, was completely remodelled and enlarged in order to be able to give the Department and the teaching profession the most efficient specialised information service possible.

of every school. The share which the school library gets dep
therefore on the interest of the particular school principal. In
Scandinavian countries definite grants are made by the centra
well as the local authority for school library purposes. Swe
schools in particular are so well provided for that in addition to
central school library extensive class and subject collections
built up, as well as a collection of reference books for teachers
comparison with these schools the provision in the Transva
conservative, but it should be borne in mind that the free re-bin
scheme, whereby more than 100,000 books are rebound annu
for schools and colleges, appreciably reduces the number of b
discarded. The annual allocation for Transvaal primary sch
is R28 + R0.20 per pupil, and for high schools R28 + R
In addition an initial allocation is granted, chiefly to new sch

With regard to *book selection* the European school libr
demonstrate the two extremes of complete freedom and
bondage. Great Britain and Sweden are countries where sch
are free to select their books independently. Norwegian school
the contrary are obliged to buy only books which appear in the
cial catalogue. Certain areas in Denmark do not even have the
to make a choice among officially approved books, but must sim
accept the books which are selected for them by the authorities,
no others. Here the Transvaal follows the golden mean. The
yearly *Book Guide* gives positive guidance by bringing the ne
and most suitable books to the attention of teacher-librar
Schools are, however, free to buy books not listed in the *Book G*
after the consent of the Department has been procured. W
considering such requests the circumstances and needs of each sc
concerned are taken into account by the Department.

School library organisation and accommodation

The *organisation* of school libraries in the Scandinavian c
tries as well as in parts of Great Britain is largely in the hands o
public library. The School Library Association gives valuabl
sistance in this field to schools that wish to make use of it, with
object of recommending such methods as agree with the char
of the school library, omitting unnecessary details, so that pupils
be trained to use the school library on their own. The Trans
Education Library Service has since its inception endeavoure
build up school library organisation so that it is educationally
tified. These methods are brought to the attention of the teac
profession in all sorts of ways. A large number of guides and p
cations are made available to every school, such as, for exam
the *Dewey decimal classification for Transvaal school libraries* (1
and the *Guide to cataloguing for school libraries* (1962). In addi
courses in school librarianship are conducted at the college

School library policy

Nowhere overseas could a clear official policy be found with regard to school libraries such as that of the Transvaal Education Department, namely: "It is the policy of the Department that every school should build up its own independent centralised school library to form an integral part of the school's educational programme." This policy is implemented in practice in such a way that in most respects the Transvaal can play a leading role in school librarianship.

School librarian and library period

One of the most important prerequisites for an educationally integrated school library is the *full-time teacher-librarian.* While the Transvaal stands on the threshold of a thorough provision in this connection (34 of these posts having been introduced in 1963), none of the countries visited has a fixed policy for such a provision, although a few schools had a full-time teacher-librarian. In some countries in the larger schools an ordinary librarian is responsible for the school library. This, however, is a position which is anything but acceptable to the teachers. In Denmark a school library supervisor is sometimes also attached to a school as a teacher-librarian. While such a combination can have advantages, usually either the school library or the general organisation suffers. A system of full-time teacher-librarians, such as has already been introduced in the Transvaal, must necessarily be the only way to achieve the desired results in a school library which is educationally orientated.

Although in various European publications much attention is devoted to the *library period* and its use, it was found that training in the use of the books and libraries received sufficient attention in only a few cases. The result is that both independent use of the library by the pupil and also real integration of the school library with teaching are hampered. The Transvaal Education Department recommends that a weekly library period for every class be used for the teaching of Book Education, based on a publication of that name compiled by the Head of the Education Library Service, Mrs. E. C. Groenewald. The aim, however, is not only formal training in the use of books and libraries, but preparation for life in the broad sense of the word.

Book stock

Allocations for the purchase of school library books differ from school to school and from municipality to municipality in the countries visited. In Great Britain the allocation for school libraries is a part of the total amount granted for the educational equipment

of every school. The share which the school library gets depends therefore on the interest of the particular school principal. In the Scandinavian countries definite grants are made by the central as well as the local authority for school library purposes. Swedish schools in particular are so well provided for that in addition to the central school library extensive class and subject collections are built up, as well as a collection of reference books for teachers. In comparison with these schools the provision in the Transvaal is conservative, but it should be borne in mind that the free re-binding scheme, whereby more than 100,000 books are rebound annually for schools and colleges, appreciably reduces the number of books discarded. The annual allocation for Transvaal primary schools is R28 + R0.20 per pupil, and for high schools R28 + R0.25. In addition an initial allocation is granted, chiefly to new schools.

With regard to *book selection* the European school libraries demonstrate the two extremes of complete freedom and total bondage. Great Britain and Sweden are countries where schools are free to select their books independently. Norwegian schools on the contrary are obliged to buy only books which appear in the official catalogue. Certain areas in Denmark do not even have the right to make a choice among officially approved books, but must simply accept the books which are selected for them by the authorities, and no others. Here the Transvaal follows the golden mean. The half-yearly *Book Guide* gives positive guidance by bringing the newest and most suitable books to the attention of teacher-librarians. Schools are, however, free to buy books not listed in the *Book Guide* after the consent of the Department has been procured. When considering such requests the circumstances and needs of each school concerned are taken into account by the Department.

School library organisation and accommodation

The *organisation* of school libraries in the Scandinavian countries as well as in parts of Great Britain is largely in the hands of the public library. The School Library Association gives valuable assistance in this field to schools that wish to make use of it, with the object of recommending such methods as agree with the character of the school library, omitting unnecessary details, so that pupils can be trained to use the school library on their own. The Transvaal Education Library Service has since its inception endeavoured to build up school library organisation so that it is educationally justified. These methods are brought to the attention of the teaching profession in all sorts of ways. A large number of guides and publications are made available to every school, such as, for example, the *Dewey decimal classification for Transvaal school libraries* (1960) and the *Guide to cataloguing for school libraries* (1962). In addition, courses in school librarianship are conducted at the colleges of

education, vacation courses for teachers are arranged by the Library Service, and visits are paid to schools by school library advisers attached to the T.E.D. Library Service.

With regard to *accommodation* it appears that the average Transvaal school is in a privileged position in contrast with the average school of Western Europe. Transvaal primary schools with an enrolment of more than 200 pupils, and all high schools are provided with reading rooms of 800 and 1,200 square feet respectively, with an adjacent workroom. High schools with more than 1,200 pupils are equipped with an excellently planned library complex.

In conclusion the author attested that his stimulating visit to Western Europe made him more conscious of the far-sightedness of the Transvaal Education Department, which adopted the policy of regarding education libraries as an intrinsic function of education. The Department not only formulated and implemented the necessary school library policy, but is also establishing school libraries as a sine qua non for its enlightened educational programme.

Author/Skrywer:	JORDAAN, Petrus Cornelius Johannes
Supervisor/Leier:	Dr. J. C. G. van Vuuren
Degree/Graad:	M.Ed.
Faculty/Fakulteit:	Education/Opvoedkunde (Dept. Philosophy of Education/Filosofie van die Opvoeding)
Title/Titel:	*Opvoeding tot Ekonomiese Verantwoordelikheid*
Medium:	Afrikaans

Die tema het sy ontstaan te danke aan die feit dat die ekonomiese opvoeding, hoewel nie die belangrikste nie, tog 'n wesenlike deel uitmaak van elke persoon se geestelike grootwording. Die bedoeling is nie dat die kind alleen toegerus moet word om 'n beroep te kan beoefen nie, maar dat hy 'n insig moet kry in die samestelling en aktiwiteite van die ekonomiese lewe en bewus kan word van sy verantwoordelikhede ten opsigte daarvan.

In die verhandeling is in die eerste hoofstuk aandag gegee aan terminologiese aangeleenthede, daarna is die wysgerig-pedagogiese agtergrond van die probleem behandel en in die derde hoofstuk wys die skrywer op die noodsaaklikheid van ekonomiese opvoeding. In die twee laaste hoofstukke word dan sekere aanbevelings gemaak.

Die bevindinge kom op die volgende neer:

In sy bestaanstryd moet die mens gedurig keuses maak en moet hy onder andere ook beslis hoe hy sy inkomste sal bestee, hoe hy sy tyd, krag en besittings sal gebruik ten einde maksimale behoeftebevrediging te bereik. In die begin is dit moeilik en selfs onmoontlik vir die kind om alleen te kies en op verantwoordelike wyse uitvoering te gee aan sy keuse. Hy moet dus gehelp word, sodat hy in sy jeugjare oefening kry in die totstandbringing van sodanige besluite en handelinge wat by hom die oortuiging, die begeerte en die wil wek om konsekwent ook later in die volwasse lewe op 'n verantwoordelike wyse te kies, te besluit en te handel. So gesien beteken ekonomiese opvoeding dan hulpverlening by sedelike keusevorming wanneer opgetree word op die ekonomiese terrein.

Dit beteken egter nie dat die mens geïsoleerd op die verskillende lewensterreine kan optree nie. Daar word wel tussen die verskillende werklikheidstrukture onderskei omdat elk sy eie identiteit het, maar hulle kan nooit van mekaar geskei word nie. Hierdie verskeidenheid

in en van die kosmos is op 'n besondere ingewikkelde wyse universeel verbind, sodat die heelal 'n ondeelbare eenheid vorm. Dit beteken dat daar rekening gehou moet word met die ekonomiese faset se onlosmaaklike verband met die ander fasette van die werklikheid.

Net soos die kosmos is die mens 'n geïntigreerde totaliteit, 'n veel-dimensionele eenheid wat meer en anders is as die somtotaal van die samestellende dele. Die geheel gaan die dele vooraf en verleen betekenis aan die dele. Elke persoonlikheidsfaset van die mens het slegs waarde in sy verhouding tot en sy verbondenheid met ander komponente. Hulle funksioneer saam en is kante van 'n geheel en kan nie buite die totaliteit van die persoon staan nie. So gesien, beteken dit dat die ekonomiese aspek nie van die ander aspekte geisoleer kan word nie, alhoewel dit tog duidelik van die ander komponente onderskei word.

Die noodsaaklikheid van opvoeding tot ekonomiese verantwoordelikheid spruit veral voort uit die behoefte aan totaliteitsopvoeding, die strategiese plek wat die ekonomiese in die samelewing inneem, die ontstaan van talle maatskaplike probleme as gevolg van foutiewe keusehandelinge op ekonomiese terrein, 'n gebrekkige arbeidsbekouing by die blanke en 'n verkeerde beskouing van tyds- en vryetydsbesteding.

Ekonomiese opvoeding het ten doel om:

(*a*) Die leerlinge 'n insig te gee in die geheelbeeld van die ekonomiese struktuur en in die onderlinge afhanklikheid van die verskillende ekonomiese sektore;

(*b*) Die leerlinge bewus te maak van hulle verantwoordelikheid as produsent en verbruiker in 'n vrye verkeershuishouding;

(*c*) 'n Gevoel van ekonomiese onafhanklikheid by die leerlinge aan te kweek;

(*d*) Die leerlinge sodanig voor te berei dat hulle in staat sal wees om hulle persoonlike geldsake op 'n behoorlike en intelligente wyse te behartig.

Weens 'n verkeerde opvatting van die ware betekenis en belangrikheid van die ekonomiese in die volkslewe word die behoefte aan spesiale opleiding nie algemeen besef nie. Ons onderwys- en opleidingsgeriewe is nog lank nie voldoende om in daardie behoeftes van ons jeug te voorsien nie. Daarom word gepleit vir 'n formele- en sistematiese onderrig om die kind voor te berei vir 'n ekonomiese lewe. *Hiermee word beoog 'n leergang vir leerlinge aan Provinsiale Middelbare Skole wat sal dien as algemene inleiding tot die ekonomiese sfeer.* Alhoewel praktiese vakke soos Bedryfskennis en Huishoudkunde en handelsvakke soos Boekhou en Handel baie geleentheid

bied vir insidentele voorligting, is hierdie metode lank nog nie voldoende om die kind ten volle toe te rus vir 'n ekonomiese lewe nie, en wel om die volgende redes:

(*a*) Insidentele onderrig geskied broksgewys en slegs wanneer die geleentheid daartoe gebied word, gevolglik is die kind nie in staat om 'n geheelbeeld te vorm waaroor dit alles gaan nie;

(*b*) Die ekonomiese sal nooit tot sy reg kom as daar net van insidentele voorligting gebruik gemaak word nie. Met ander woorde, die leerling sal maar 'n vae begrip kry van die ekonomiese probleme en hoe hulle moontlik opgelos kan word. Waar die geleentheid hom voordoen, word ekonomiese probleme wel behandel, maar origens word daar baie min in hierdie verband gedoen. Sekere aspekte van ekonomiese opvoeding bly heeltemal agterweë, omdat hulle nie in verband met die ander vakke gebring kan word nie.

Die bedoeling is natuurlik nie dat die werk in waterdigte hokkies aangebied word wat geen verband hou met die ander vakke nie. Dit spreek vanself dat die ekonomiese aspek, met die oog op die sistematiese studie, wel as 'n aparte studieveld afgebaken moet word, maar dat daar by die studie daarvan gedurig korrelasie met die ander vakke sal moet wees.

Indien in aanmerking geneem word dat baie kinders in huise opgroei waar 'n gees van „spandeerlosbandigheid" heers, is dit noodsaaklik dat spaarsin in die skole ook aandag sal geniet. Alhoewel by die meeste laerskole skoolspaarklubs bestaan, is dit 'n saak wat by die hoërskole weinig aandag geniet. Spaarsin is vir ons tyd so belangrik dat dit nie maar aan die laerskole alleen oorgelaat kan word nie. Hoe dit presies in die reeds oorvol rooster ingepas kan word, is 'n saak vir praktiese oorweging. Hier dien gemeld te word dat in die hoërskool soveel as moontlik van die leerlinge by die organisasie van spaarskemas betrek kan word.

Author/Skrywer:	MARTIN, Walter Rintoul
Promoter/Promotor:	Prof. D. R. Beeton
Degree/Graad:	D.Litt. et Phil.
Faculty/Fakulteit:	Arts/Lettere en Wysbegeerte (Dept. of English/Dept. Engels)
Title/Titel:	*Moral Insight in Jane Austen: A Study of her Development as a Novelist*
Medium:	English

Mansfield Park: Cynicism and Moral Thought (Chapters 1-17)

In a letter dated 29 January 1813, Jane Austen stated that her new novel, *Mansfield Park*, would be different from *Pride and Prejudice* and 'a complete change of subject'. The new subject was to be 'ordination'.

An examination of *Mansfield Park* reveals that in phase after phase of the plot Jane Austen is dramatizing a particular kind of difference between right and wrong judgment. A variety of topics is offered for judgment: education, gentlemanliness, modestry, an apricot tree, landscape-gardening, a chapel, theatricals, the significance of ordination. The characters who judge rightly are those who are aware of, and understand, the inner nature or 'private character' of what is being discussed, and those who err do so because they judge by irrelevant, incidental, or superficial aspects. Success in judgment is shown to be dependent not so much on intelligence or experience as on a capacity for deep and sincere feeling, an ability to *respond* to things, people, and situations; failure to respond in this way has important moral consequences in behaviour.

London is associated with shallow feeling and a cynical observance of forms; in the Portsmouth episodes we see warmth of feeling, but the feeling is not disciplined or sustained by decorum; at Mansfield Park itself we look for the union of propriety and true feeling, and it is in the rural Thornton Lacey, remote from London but near Mansfield, that Fanny (with Edmund whom she has saved from the influence of Mary and London) will find her appropriate setting and live in a world where values are real and judgment is true.

The themes, scope and manner of *Mansfield Park* derive from various sources, among which are the Scriptures, Crabbe, Bunyan, Cowper's *The Task*, and the play *Lovers' Vows*, all (except the last, which is reflected ironically) having a specifically moral concern.

Jane Austen's Subject (Chapter 18)

Jane Austen addressed herself systematically in *Mansfield Park* to the subject that was to occupy her in all three of the mature novels that were conceived and written at Chawton: the difference between behaviour that is moral and behaviour that is merely polite and, perhaps, disguises a bad motive.

The country gentry provided the right material for her purpose. Whereas in her early novels she had written about the gentry because she knew them best, after *Pride and Prejudice* she wrote about them because in them could be seen most clearly the gulf that divides mere observance of a strict and sophisticated code of conduct from behaviour that is moral because it is an expression of autonomous principle: in *Mansfield Park* it is called 'active principle'. She demonstrates that though a civilized society no doubt requires a comprehensive code of polite conduct, real virtue is attained only rarely, and only by those members of the society who have learnt truly to know and to feel the values that a civilized code attempts to embody. Real virtue is achieved only by individuals who recognize and respond fully to objects, situations, people, and entities.

The Early Novels: Superficial Comedy (Chapters 19-21)

Sense and Sensibility, *Northanger Abbey* and *Price and Prejudice* were conceived and written — though not as we know them — by 1803, when Jane Austen was twenty-seven. Ten years or more elapsed between their original composition and their publication, and, although Jane Austen revised them more or less thoroughly, they are different from the Chawton novels. They are concerned with moral behaviour in the country gentry, but they do not treat the subject that I have described in Part II with the concentration and penetration that develops in *Mansfield Park*. *Sense and Sensibility* and *Northanger Abbey* touch the subject of *Mansfield Park* only incidentally and superficially, but in *Pride and Prejudice*, which Jane Austen revised extensively after she had started *Mansfield Park*, we are aware of a more explicit concern with the difference between reality and mere appearance; thus this novel presents us with an interesting transition. Jane Austen knew that to treat the new theme adequately she required a new novel: this explains why she expressed dissatisfaction, though very whimsically, in a letter dated 4 February 1813. Her remark (in a letter written six days earlier), that *Mansfield Park* was to be 'a complete change of subject', was accurate and significant.

The Later Novels: Mature Comedy (Chapters 22-23)

In *Emma* and *Persuasion* Jane Austen applies with consummate artistry the concepts and insights that were conscientiously in-

vestigated in *Mansfield Park*. Both novels are concerned with true gentility, or virtue. Emma learns in the end that appearance is often delusive and truth very difficult to arrive at, and that true gentility has less to do with style and forms than with goodwill and humanity: everything becomes clear to her when she is deeply moved and able to see the truth about herself.

Veel klem moet op die oefenvoorbeelde gelê word sodat leerlinge oefening in alle soorte response wat van hulle tydens die werklike beantwoording van die toetsitems verwag word, kan ontvang. Die moeilikheidsgraad en diskriminasiewaardes van elke item is by wyse van 'n itemontleding vir die vyf hoof etniese taalgroepe verkry. Die toepassing het op 2,150 standerd-VI-Bantoeleerlinge geskied.

Vir elke subtoets is 40 items uit albei vorms gekeur om in die finale toetse opgeneem te word. Hierna is die finale battery toetse saamgestel.

Die volgende resultate gee 'n aanduiding van die betroubaarheid en geldigheid van die voorlopige toetse. Die laagste en hoogste betroubaarheidskoëffisiënte wat op grond van die K-R 20 formule bereken is en eintlik 'n skatting van die homogeniëteit van die toetse is, wissel van .52 tot .89.

Omdat die voorlopige toetse aan 'n proses van itemontleding onderwerp is en die finale battery toetse met bykans 50% verleng is, kan verwag word dat die finale toetse heelwat hoër betroubaarheidskoëffisiënte as die voorlopige toetse sal toon. Geldigheidskoëffisiënte van die voorlopige toetse ten opsigte van eindeksamenprestasies is vir die vyf taalgroepe afsonderlik bereken. Beduidende koëffisiënte wat wissel tussen .200 en .646, is vir die voorlopige battery Skolastiese Aanlegtoetse gevind. Uit 'n totaal van 60 korrelasies was slegs een korrelasie van .184 nie beduidend nie. Die Taaltoetse en Rekenkundetoetse neig deurgaans om hoër met eindeksamenresultate te korreleer as die Verbale- en Nie-verbale Redeneringstoetse.

Besluit

Heelwat intensiewe navorsing moet nog gedoen word in verband met die ontwikkeling van sielkundige meetinstrumente ten

einde geskikte toetse vir die Bantoe daar te stel. Die benadering wat in hierdie ondersoek gevolg is, naamlik die aanpassing van bestaande toetstegnieke by die kulturele agtergrond van die Bantoe sal ongetwyfeld verder uitgebrei en verfyn moet word. Die resultate van hierdie ondersoek het veral aangetoon dat dit nie alleen die toetse en toetsinhoud is wat by die opvoedkundige peil en agtergrond van die Bantoe aangepas moet word nie, maar ook die hele toetsprosedure waaronder die toetsaanwysings seker die belangrikste is. Die sukses en vordering wat met hierdie aanpassing gemaak is, het volgens oordeel van die skrywer afdoende bewyse gelewer dat dit wel moontlik is om effektiewe hulpmiddels vir die Bantoe daar te stel om in die behoefte van keuring en opvoedkundige leiding te voorsien.

Author/Skrywer:	DE KONING, Thomas Lewis
Supervisor/Leier:	Prof. J. A. van der Walt
Degree/Graad:	M.A.
Faculty/Fakulteit:	Arts/Lettere en Wysbegeerte (Dept. Sociology/Sosiologie)
Title/Titel:	*Die gesinstruktuur en funksionering van 'n aantal kleinhoewegesinne om Pretoria*
Medium:	Afrikaans

Teoretiese fundering

Die huidige stand van die stedelike sosiologie met besondere verwysing na die V.S.A. en Suid-Afrika word geskets en die noodsaaklikheid van voortgesette navorsing word beklemtoon ten aansien van die leemtes in die verskillende teoretiese uitgangspunte wat vir die stedelike sosiologie gestel word. Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat die heersende teoretiese uitgangspunte nie bevredigend vir die verklaring van die stedelike ekologiese prosesse en die sosiale organisasie van die omstedelike oorgangsgebied wat as produk van die stedelike ekologiese prosesse gesien geword, is nie. 'n „Eie" teoretiese uitgangspunt vir die stedelike sosiologie wat ook 'n teoretiese raamwerk vir die sosiale organisasie van die omstedelike oorgangsgebied bied, word gestel.

Doel van die ondersoek

Die studie is eksplorerend van aard, naamlik die vasstelling van die gesinspatrone binne die omstedelike oorgangsgebied wat tot nog toe 'n onontgonne terrein is. As voorwerp van studie is die omstedelike oorgangsgebied van Pretoria geneem en wel die gebiede wat onder die Plaaslike Gebiedskomitees van die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede ressorteer.

Uit die vasstelling van die gesinspatrone van die onstedelike oorgangsgebied vloei ook die moontlikheid vir die verifiëring van die volgende hipotese voort:

Dat die omstedelike landelik-stedelike oorgangsgebied 'n gebied van akkulturasie tussen die stedelike- en landelike leefwyses is en daarom in sekere opsigte meer landelike en in ander opsigte meer stedelike eienskappe sal vertoon; asook dat weens die proses van seleksie en aanpassing by die spesifieke omgewing eienskappe mag

bestaan wat eie aan die gebied is. By implikasie beteken die vasstelling van eie onderskeidende eienskappe van die omstedelike oorgangsgebied dat nòg die ideëel-tipiese nòg die kontinuumbenadering as teoretiese raamwerk vir die stedelike sosiologie bevredig aangesien daar tog nie van 'n kontinuum sprake kan wees indien die gebied eienskappe vertoon wat nòg by die platteland nòg by die stad aangetref word nie.

Omgewingseienskappe

Die omgewingseienskappe wat 'n invloed op die gesinsfunksionering het, word ontleed.

(*a*) Fisiese omgewingseienskappe: Faktore soos afstand vanaf stedelike fasiliteite, grootte van kleinhoewes en digtheid van bevolking beïnvloed die sosiale omgewingseienskappe van die gebied deurdat die bewoners van die semi-landelike omgewing aan die beïnvloeding van die stad onderhewig is.

(*b*) Sosiale omgewingseienskappe: Eienskappe soos huwelikstaat, ouderdomsamestelling, huistaal, beroep, inkomste, opvoedingspeil, ens. word ontleed. In die geheel vertoon die sosiale omgewingseienskappe sommige eienskappe kenmerkend van die platteland, ander kenmerkend van die stad, sommige eienskappe „tussen" platteland en stad maar ook eienskappe kenmerkend van die gebied van ondersoek. Hierdie patroon wat die sosiale omgewingseienskappe aanneem word in verband gebring met die groot persentasie hoewe-eienaars, landelike oriëntering van die bewoners en die proses van verstedeliking en beïnvloeding van die stad.

(*c*) Die huislike omgewing: Grootte van woning en oorbewoning, asook geriewe soos sanitasie, kraanwater, beligting, telefoon, radio, ens. word bespreek. Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat woningstoestande goed is en dat verreweg die grootste persentasie gesinne oor alle geriewe beskik aangesien genoemde geriewe eerder 'n noodsaaklikheid dan 'n luukse is.

Die sosiale en ekonomiese identifikasie van die bewoners word ontleed ten opsigte van voor- en nadele verstrek i.v.m. hoewebewoning, vriendskapsverhoudings, deelname aan verenigingslewe, en die plek van aankope of diens van noodsaaklike items. Wat ekonomiese afhanklikheid en sosiale verhoudings betref, is die bewoners deels met die stad en deels met die omstedelike oorgangsgebied geintegreer en daarom aan sowel die invloed van die stad as die invloed van die gebied self onderhewig.

Familisme, Gesinstruktuur en rolverdeling

Omdat rolverdeling binne die gesin ten nouste saamhang met familistiese geöriënteerdheid van die gesinshoofde en die gesinstruk-

tuur word allereers die familistiese geöriënteerdheid van die gesinslede en die gesinstruktuur ontleed. Daarna word die wedersydse rolverrigting en rolverwagting van gesinshoofde d.m.v. sekere hulptegnieke bepaal en kruisontledings gemaak tussen die oorname van die vrou van een instrumentele gedragsarea en ander areas van gesinsfunksionering. Daar is gevind dat deelname van die eggenotes aan boerderybedrywighede *gepaard gaan met 'n oorname van die instrumentele rol van die man slegs ten opsigte van beheer van finansies en straf van die kinders terwyl daar aan die kant van die man geen oorname van die ekspressief-integrerende rol van die vrou is nie.*

Gesinsfunksionering

Sekere eienskappe eie aan die omstedelike oorgangsgebied as spesifieke tipe residensiële kollektiwiteit beïnvloed die gelykmatige verloop van die platteland-stedelike kontinuum ten opsigte van gesinsfunksionering, naamlik:

(i) Omgewingseienskappe soos digtheid van die bevolking en nabyheid van die stad sodat 'n stedelike beroep sowel as boerdery-bedrywighede beoefen kan word.

(ii) Beïnvloeding vanaf die stad vanweë die feit dat die omstedelike oorgangsgebied binne die stedelike invloedsfeer geleë is.

(iii) Stedelike ekologiese prosesse verantwoordelik vir die totstandkoming van die omstedelike oorgangsgebied waardeur oorwegend landelik geöriënteerde en/of familisties-geöriënteerde persone na die omstedelike oorgangsgebied uitskuif.

(iv) 'n Spesifieke rolverdeling tussen gesinslede voortspruitende uit die beoefening van 'n stedelike beroep deur die manlike gesinshoof sowel as boerderybedrywighede.

Hoofsaaklik a.g.v. bogenoemde faktore vertoon die omstedelike oorgangsgebied van Pretoria:

(i) Sommige eienskappe wat meer landelik van aard is.

(ii) Sommige eienskappe wat meer stedelik van aard is.

(iii) Sommige eienskappe „tussen" platteland en stad.

(iv) Maar ook eienskappe wat as kenmerkend van die omstedelike oorgangsgebied beskou kan word.

Ten opsigte van die resultate verkry m.b.t. die sosiale aanpassing van die kinders is gevind dat die seuns van die omstedelike oorgangsgebied 'n swakker aanpassing vertoon as die gemiddelde vir die Republiek terwyl die meisies 'n gemiddelde aanpassing min of meer soortgelyk aan dié van die gemiddelde van die Republiek vertoon. Die sosiale waarde van die kleinhoewes as woonplek kan dus nie sonder meer aanvaar word nie.

Die hipotese dat die sosiale organisasie van die omstedelike oorgangsgebied nie in terme van nòg die ideëel-tipiese benadering (soos vir die huidige slegs vir platteland en stad gekonstrueer) nòg die kontinuum benadering verklaar kan word nie en dat genoemde benadering daarom ook nie as teoretiese uitgangspunt vir die stedelike sosiologie bevredig nie, skyn deur die vasstelling van eie onderskeidende eienskappe van die gebied bevestig te word.

Author/Skrywer:	RIP, Colin Melville
Promoter/Promotor:	Prof. J. A. van der Walt
Co-Promoter/Mede-Promotor:	Prof. A. S. Roux
Degree/Graad:	D.Phil.
Faculty/Fakulteit:	Social Science/Sosiale Wetenskappe (Dept. Sociology/Sosiologie)
Title/Titel:	*The Alcoholic and Group Affiliation and Participation*
Medium:	English

This is a hypothesis testing empirical-theoretical combination study of the group affiliation and participation of a group of 100 White Male Alcoholics in the Republic of South Africa.

The sample was divided into two, 50 from Alcoholics Anonymous in Cape Town, East London and Pretoria using the snowball sampling technique. The other 50 were obtained from the Park Road Hospital for Alcoholics, Rondebosch, Cape and the Castle Carey Clinic, Pretoria by means of consecutive names from the admission register.

In Chapter one the group and the associational group (association) was discussed at length as well as the mechanism of the group.

In Chapter two alcoholism and the alcoholic were discussed at length and alcoholism was defined as "loss of control over an individual's drinking habits which result in disengagement and disintegration of that individual's patterns of social interaction in the personal, occupational and community sectors of his activity".

In Chapter three the group affiliation and participation history of the sample was examined. Twenty per cent of the total sample had never belonged to an organized group. There was no significant difference between group affiliation participation in the A.A. and clinics samples. The A.A. sample, however, was more disorganized at the time of seeking treatment than was the case with the clinic sample. This would seem to be in line with the saying in A.A. that an alcoholic usually never turns to them for help before he has reached the gutter.

In chapter four the work and residential mobility of the sample was examined with reference to factors that may influence it. The

mean age of the A.A. sample when seeking treatment was 41.26 years and for the clinics sample it was 39.44 years. There was no statistically significant difference between these two means. As far as formal education is concerned the mean number of years of formal education in the A.A. sample was 11.2 and in the clinics sample 10.6. There was no statistically significant difference between these two means. A statistically significant greater number of units of the A.A. sample saw war service than was the case with the clinics sample. The sample closely approximates the language division in the population as a whole. As far as residential mobility is concerned there was no statistically significant difference between the A.A. and clinics samples. As far as job mobility is concerned there was a statistically significant difference between the A.A. and clinics samples, the A.A. having changed jobs more frequently.

This chapter also tended to suggest that the A.A. sample was more disorganized at time of seeking treatment than was the case with the clinics sample.

In chapter five the relationship between the alcoholic and his families of orientation and procreation is examined.

More than half the parents of the units in the sample were abstainers and 166 of 196 were either abstainers or occasional drinkers. Assuming that if so many of the parents were abstainers or occasional users of alcohol the children would not have been introduced to alcohol in the home the place of introduction to alcohol was examined. It was found that 11% had their first drink within the family circle and 89% outside the family circle. There was no statistically significant difference between the A.A. and Clinics samples in this respect. We thus see that as so few have their first drink within the family circle the family does not socialize the child or adolescent in the drinking patterns acceptable to the group and his socialization in this respect is left in the hands of haphazard agents and conditions. Further it was found that in 76% of the cases the parents were in agreement as to the use of alcohol. Eighty-two per cent of the units got on well with their siblings. The mean size of the family of orientation was 4.9 and first born children formed 33%. Regarding the families of procreation of the units in the sample there was a divorce incidence of 40.5% this was statistically greater than the incidence of divorce among their own parents. There were definitely statistically significant differences between the drinking patterns of the alcoholic husbands and wives in the A.A. Clinic and total samples at the .001 level of confidence.

In chapter six the alcoholic and group affiliation and participation was examined in relation to religion and recreation. The restraining influence of religion was examined as well as in how far recreation produced pressure to drink. It was seen that recreational group affiliation was eight times as frequent as religious group

affiliation so there was more *exposure* to alcohol and social pressure to drink than deterrent to such pressure. Added to this was the fact that the degree of participation in religious groups was significantly lower than the degree of participation in groups in general in the sample. Although the families of orientation were strongly religious this appears to have been countered by the acceptance of peer group drinking norms by the units in the sample and the rejection of the drinking norms of the families of orientation.

In chapter seven the drinking histories of the units in the sample was examined in relation to group affiliation and participation. It appears that group affiliation decreased as the person progressed from a social drinker to an addictive drinker and still more as the addictive phase continued. At first only 20% did not belong to any group; at the time when treatment was sought 87 per cent did not belong to any group. This difference was statistically significant.

In chapter eight it was found:

(*a*) that there was no statistically significant difference between the A.A. Clinics samples in respect of group affiliation and participation.

(*b*) that the statement that alcohol addiction results in a reduction of group affiliation and participation can be cautiously accepted.

(*c*) that we can accept the statement that the alcoholic would become disorganized in various sectors of activity due to continued drinking.

Finally a statement toward a theory of alcoholic addiction was drawn up in which use is made of the alcohol tolerance threshold and the *frustration relief threshold.* When the *frustration relief threshold* at least equals the alcohol tolerance threshold the person is considered an alcoholic.

Author/Skrywer:	VAN WYK, Marinus
Promoter/Promotor:	Prof. J. A. van der Walt
Co-promoter/Mede-promotor:	Prof. P. J. van der Walt
Degree/Graad:	D.Phil.
Faculty/Fakulteit:	Arts/Lettere en Wysbegeerte (Dept. Sociology/ Sosiologie)
Title/Titel:	*Die ontwikkeling van die gevangeniswese in die Kaapkolonie vanaf* 1806 *tot en met unifikasie* 1910
Medium:	Afrikaans

Gevangesetting as selfstandige strafmetode het in die jare 1652-1806 nie in die Kaapkolonie bestaan nie. Wat hier in daardie tydperk wel bestaan het, was martelingstrawwe en verbanning. Sodanige strafmetodes was nie net in die Kaapkolonie in gebruik nie, maar dwarsdeur die destydse beskaafde wêreld.

Robbeneiland was gedurende die jare 1652-1806 die vernaamste verbanningsoord vir misdadigers van oor die hele Kaapkolonie.

Die tydperk 1806-1828 dui die begin van 'n besliste keerpunt in straftoepassing dwarsdeur die beskaafde wêreld aan. 'n Mensliker strafbeleid en menslikerstrafmetodes tree in werking. Hierdie neiging is terug te voer tot die Filantropiese strominge van daardie jare in Europa.

Hierdie invloede sou hulle ook in die Kaapkolonie laat geld.

Daar kan beweer word dat gevangesetting as strafmetode tot 1828 nog nie in 'n georganiseerde stelsel in die Kaapkolonie ontwikkel het nie. Hierdie periode word dus slegs gekenmerk deur die voortsetting van die Hollandse beleid. Al opvallende verskil was die neiging om wrede martelingstrawwe te verminder.

In die periode 1828-1854 vind belangrike veranderinge t.o.v. gevangenisstraf in die Kaapkolonie plaas.

Tot 1840 is voortgegaan met bogenoemde beleid van verbanning van misdadigers na Robbeneiland, maar van daardie datum af het die Britse regering die Kaapse owerheid gelas om die termyne van verbanning in termyne van gevangenisstraf te omskep. Die gevolg was dat die bandietstelsel in die Kaapkolonie net soos in ander lande herorganiseer moes word. Die aard en omvang daarvan sal in die verloop van onderstaande bespreking aangetoon word.

Wat betref *gevangenisadministrasie en -organisasie* in die Kaapkolonie tussen 1806 en 1910, is dit opmerklik dat gevangenisse altyd onder die direkte sentrale beheer van die regering was, en dat hier nie private of half-amptelike besit van gevangenisse, soos in Europa was nie.

Die bandiete of langtermyngevangenes is van Robbeneiland gebring en in bandietstasies in die kolonie aangehou. So 'n bandietstasie was onder beheer van 'n Superintendent en hy is bygestaan deur hoofopsigters, onderopsigters en konstabels.

In die tronke is korttermyngevangenes aangehou. Tronke was onder beheer van sipiers en konstabels.

Hierdie toestand het onveranderd tot 1910 gebly. Wat *gevangenishuisvesting* betref, is die ondoeltreffendheid daarvan in die tydperk 1806-1910 baie opmerklik. Dit moet eerstens aan die verbanningsbeleid van die jare 1806-1840 toegeskryf word. Tweedens is swak gevangenisse vir korttermyngevangenes in die kolonie opgerig.

Die beleid om bandiete na Robbeneiland te stuur, het voortgeduur tot 1845 toe die destydse Koloniale Sekretaris, John Montagu, die bandiete daarvandaan gebring het, en hulle in mobiele bandietstasies dwarsdeur die kolonie gehuisves het.

Opmerklik is dat hierdie bewegende gevangenisse iets nuuts en enig in die geskiedenis en ontwikkeling van enige gevangenisstelsel was. Dit het dan ook die gevangeniswese tot 1910 oorheers.

Verder was die gevangenisse in die kolonie wydverspreid.

Opvallend is ook die afwesigheid van gespesialiseerde inrigtings, m.a.w. verskillende inrigtings vir verskillende tipe misdadigers.

Die Uniale Gevangeniswet nr. 13 van 1911 het vir die eerstemaal voorsiening vir 'n verskeidenheid inrigtings gemaak bv. staatsnywerheidskole, werkkolonies ens.

Dit is opmerklik dat in die aanwending van *gevange-arbeid* in die jare 1806-1843 geen spesifieke doel nagestreef is nie. Gevangearbeid het gewissel van absolute ledigheid tot halfhartige pogings deur die bandiete aangewend om paaie en strate te repareer.

Dit is interessant om op te merk dat toe verbanning van bandiete uit die Kaapkolonie sedert 1840 gestaak is, die aanwending van gevangenearbeid noodwendig aandag geverg het.

Montagu het gevolglik die bandiete van Robbeneiland af laat bring met die doel om belangrike openbare werke aan te pak. Sodoende is 'n netwerk van verbindings in die vorm van paaie, passe en brûe kruis en dwars oor die lengte en breedte van die Kaapkolonie gebou.

Om die onderhoudskoste van gevangenes te verminder, is gevangenes van 1884 af aan munisipaliteite en ander openbare liggame teen betaling verhuur.

In die jaar 1890 vind 'n belangrike ontwikkeling op die gebied van gevangearbeid in die Kaapkolonie plaas, nl. die oprigting van

'n kleremakery, 'n skoenmakery ens. in die Breekwaterstasie te Kaapstad. Ons vind hier dus die begin van nywerheidsarbeid in die gevangeniswese van Suid-Afrika.

Die afwesigheid van *klassifikasie* van gevangenes tussen die jare 1806 en 1843 is ooglopend. Montagu het in die reorganisasie van die bandietstelsel ook hieraan aandag geskenk.

Bandiete by die bandietstasies is, afgesien van kleur en ras, in kettingspanne en padspanne ingedeel. In 1854 is 'n derde klas, die proefklas bygevoeg. Sodanige indeling was gegrond op lengte van vonnis en nie karakter nie. Verder het hierdie indeling in klasse slegs buite die stasie terwyl die bandiet gewerk het, bestaan en nie binne die geboue self nie. Daar is hulle deurmekaar aangehou. Hierin lê dan ook die swakhede van die stelsel.

Die klassifikasiestelsel in die gevangeniswese van die Kaapkolonie was dus die vrye omgangstelsel.

Die verskillende klasse was feitlik net bedags van mekaar afgesonder en snags was daar geen onderskeiding nie.

Wat afsonderlike aanhouding van rasse betref, het dieselfde beginsel gegeld.

Ook wat die indeling van korttermyngevangenes in tronke betref, was dit op die groepsbeginsel. Teen die einde van 1909 verklaar die gevangenisinspekteur dat in die meeste tronke skeiding van gevonnisdes van verhoorafwagtendes gedurende die dag plaasvind, en behalwe in 'n paar gevalle, blankes en nie-blankes snags geskei word.

Geen wonder dat die eerste Direkteur van Gevangenisse in 1910 die vermenging van rasse ernstig kritiseer nie en die selsisteem as alternatief vir groepsindeling aanbeveel nie.

Opmerklik is die *swak sosiale toestande* waarin gevangenes aangehou is.

Hoewel sosiale toestande in die gevangenisse tot 1910 ietwat verbeter het, laak die Direkteur van Gevangenisse in 1910 veral die euwel van homoseksualiteit by gevangenes, vermenging van rasse en toesig van nie-blanke amptenare oor blanke gevangenes.

Dit is dus begryplik dat in swak sosiale toestande doeltreffender hervormingsmaatreëls nie toegepas kon word nie.

Nie 'n wonder dat die hoof van die gevangeniswese aan die einde van 1909 verklaar, dat die kolonie geen vooruitgang i.v.m. moderne penologiese beginsels gemaak het nie, en selfs baie ver agter is by ander lande nie.

Die gevangeniswese in die Kaapkolonie het in 'n ruwe, barre rigting ontwikkel met feitlik geen inagneming van die humanistiese tendense nie.

Author/Skrywer: VERSTER, Anna Johanna Maria
Promoter/Promotor: Dr. G. Theiler
Degree/Graad: Ph.D.
Faculty/Fakulteit: Science/Natuurwetenskap (Dept. Zoology/ Dierkunde)
Title/Titel: *Review of Echinococcus Species in South Africa*
Medium: .. English

The taxonomy of the genus *Echinococcus* has become unsatisfactory in that different workers have been using different features, or combinations of features, as criteria for generic, specific and subspecific identification. In an attempt to establish the validity of the criteria, which have been used in the classification of this genus, it was decided to study the various features in material derived from intermediate hosts and checked experimentally in different definitive hosts. Using the features which were established as sound criteria in these experimental infestations of known origin, the validity of the species and subspecies described to date were reassessed.

Part I

The study of the structural features gave the following findings:

Strobila

1. The number of segments and the position of the sexually mature segment are relatively constant. These two characters may be used in conjunction with other characters.

2. The size of the strobila and its constituent parts, as well as the ratio of these parts to one another, is subject to extreme variability. It is dependent not only on the fixation methods employed, but also on the age of the parasite and the identity of the definitive host. It is, therefore, inadvisable that taxonomic significance be attached to the size of the strobila.

Rostellar Hooks

The size of the rostellar hooks is dependent on the age of the infestation and the identity of the definitive host. Furthermore, it shows variability in successive generations as well as in material of

the same genotype. It is undesirable that taxonomic significance be attached to either the size or the shape of these structures.

Genital Pore

The position of the genital pore appears to be of value, but mainly at the species level.

Male Genitalia

1. The number and the distribution of the testes show but slight variability; these characters may thus be used in conjunction with other characters.

2. The actual size of the cirrus sac differs in the mature and gravid segment, and is therefore of no value in the taxonomy of this genus.

Female Genitalia

The structure of the female genitalia, in the present experimental material, does not differ in specimens showing other morphological differences. Variations in the structure of the female genitalia would, therefore, be of taxonomic significance.

Host specificity

The degree of host specificity as shown by the experimental infestations varies; being marked in some strains but less so in others.

Host specificity may be used in conjunction with the number and arrangement of the segments, as well as the number and distribution of the testes. From the above it is seen that no one character alone may be used for the specific or subspecific identification of members of this genus.

Part II

The application of the above criteria to both type material (where available) and to the experimental material has allowed for:

(*a*) the redesignation of the nominate species (or subspecies) *E. granulosus granulosus* (Batsch, 1786) from the type locality, Europe;

(*b*) the reassessment of species/subspecies from other parts of the world.

Five of these have been described from South African carnivores.

1. *Echinococcus granulosus granulosus* resulted from infestations with infestive material from pigs and from a human being. The sexual stage recovered from jackals and dogs correspond with those from the type locality, Europe.

2. *E.g. africanus* subsp. nov. resulted from infestive material from cattle and sheep. The Cape hunting dog, *Lycaon pictus*, and

the black-backed jackal, *Canis* (*Thos*) *mesomelas*, were more susceptible to infestation with this subspecies than were domestic dogs, dingos (*Canis dingo*) or silver foxes (*Vulpes chama*); the domestic cat was the least susceptible.

3. *E. g. lycaontis* Ortlepp, 1934 n. comb. resulted from infestive material from sheep. The sexual stage appears to be markedly host specific to the Cape hunting dog.

4. *E. g. ortleppi* Lopez-Neyra and Soler Planas, 1943 n. comb. was recovered from dogs and jackals infested with hydatid cysts of bovine origin, and was also recovered from three naturally infested dogs. The domestic dog and the black-backed jackal appear to be equally susceptible.

5. *E. g. felidis* Ortlepp, 1937 n. comb. was recovered from naturally infested lion, *Pantbera leo*. The intermediate host is unknown.

Part III

Hosts as maintainers and disseminators of infestations.

The domestic dog appears to be the most important source of infestation to domestic livestock. Wild carnivores are important disseminators in various parts of the country. The black-backed jackal is probably as important as the domestic dog in sheep rearing areas; the Cape hunting dog and the lion are of importance in restricted areas only. The silver fox is of negligible importance.

Domestic livestock are the most important source of infestation to carnivores. The role of wild herbivores as disseminators is unknown, but they are probably of importance only in restricted areas where they are abundant.

PREVIOUSLY PUBLISHED/REEDS VERSKYN

Publications appearing in languages other than English have a summary in English (or in some other modern European language, as indicated on the list).

Series/Reeks A

A. 1. De Vleeschauwer, H. J.: *Aristoteles en die Macedoniese Politiek*. 1956, 33 p. Résumé en français. (20c).
A. 2. Roux, A. S.: *Die Sielkunde, Terugblik en Toekomsperspektief*. 1956, 14 p. (20c).
A. 3. Rädel, F. E.: *Teorie en Praktyk in die Bedryfsekonomie en Wetenskap*. 1956, 21 p. (20c).
A. 4. Ziervogel, D.: *Linguistic and Literary Achievement in the Bantu Languages of South Africa*. 1956, 12 p. Opsomming in Afrikaans. (20c).
A. 5. Potgieter, E. F.: *Die Gebied en Taak van die Volkekunde*. 1956, 20p. (20c).
A. 6. Venter, E. H.: *Die Empiriese Opvoedkunde, sy Ontwikkeling, Huidige Status en sy Bydrae tot die Opleiding van Onderwysers*. 1957, 36 p., bibl. (20c).
A. 7. Van der Merwe, J. H.: *Enkele Opmerkinge oor die Grondslae van die Wiskunde*. 1957, 16 p. (20c).
A. 8. Steyn, J. L.: *Die Gedig as Estetiese Voorwerp*. 1958, 19 p. No summary. (20c).
A. 9. Meyer, A. M. T.: *Die Sisteem as Logiese Samehang*. 1959, 22 p. (20c).
A. 10. Steyn, H. S.: *Oor Stogastiese Modelle*. 1959, 14 p. (20c).
A. 11. Erasmus, O. C.: *Aspekte van Wetenskaplike Kritiek in die Filosofie van die Opvoeding*. 1960, 16 p. (30c).
A. 12. Myburgh, A. C.: *Die Volkekunde en die Werklikheid*. 1960, 15 p,. bibl. (30c).
A. 13. Moolman, J. H.: *Fisiese Beplanning en die Universiteite*. 1960, 20 p. (30c).
A. 14. Lombard, J. A.: *Sending as Daad van Christelike Hoop*. 1960, 56 p. (75c).
A. 15. Strauss, S. A.: *Nuwe Weë in die Suid-Afrikaanse Strafprosesreg*. 1961, 22 p. (30c).
A. 16. Van Jaarsveld, F. A.: *Ou en Nuwe Weë in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing*. 1961, 60 p. (75c).
A. 17. Van Zyl, A. H.: *Die Vereistes vir die Hedendaagse Hebraïkus*. 1961, 29 p. (40c).
A. 18. Blignaut, F. W.: *Neigings in die Sielkunde*. 1961, 24 p. (30c).
A. 19. Harvey, C. J. D.: *Language, Literature and Criticism*. 1961, 20 p. (30c).
A. 20. Cilliers, J. A.: *Oor Finansiële State en die gebruik daarvan*. 1961, 22 p. (40c).
A. 21. Hosten, W. J.: *Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking*. 1961, 27 p. (30c).
A. 22. Perold, G. W.: *Die Organiese Chemie — Rigting Mikrokosmos*. 1962, 8 p. (20c).
A. 23. Rund, H.: *The World-View of Modern Theoretical Physics*. 1962, 12 p., bibl. (20c).
A. 24. Van Rooyen, I. J. J.: *Maatskaplike Funksionering en die Maatskaplike Werk*. 1963, 24 p. (25c).
A. 25. Nienaber, P. M.: *Enkele Beskouinge oor Kontrakbreuk in Anticipando*. 1963, 28 p. (25c).
A. 26. Van Wijk, Theo: *Tussen Verlede en Toekoms*. 1963, 20 p. (20c).

A. 27. Venter, I. S. J.: *Die „Goeie" in die ou Griekse, Romeinse en Joodse Opvoedingstelsels en die Betekenis daarvan vir die Hedendaagse Opvoedingsteorie en -praktyk*. 1963, 28 p., bibl. (30c).

A. 28. Eybers, I. H.: *Hermeneutiese Beginsels vir die Ou Testament in die Lig van die Verhouding Ou Testament — Nuwe Testament*. 1963, 26 p. (25c).

A. 29. Schneider, B. A. T.: *The Study of German Literature*. 1963, 13 p. (20c).

A. 30. Naudé, C. P. T.: *Mythus en Pseudo-Mythus in die Grieks-Romeinse Geskiedskrywing*. 1963, 30 p. (25c.)

A. 31. Haffter, P.: *Romance Literature and Opera*. 1963, 31 p. (25c).

A. 32. Cilliers, H. S.: *Die Leer van Openbaarmaking in die Maatskappyreg met besondere verwysing na die funksie van gepubliseerde finansiële state*. 1964, 15 p. (20c).

A. 33. Posthumus, M. J.: *Die Taak van die Taalkundige in Suid-Afrika*. 1964, 20 p. (20c).

A. 34. Du Toit, L. M.: *Beskouinge oor Interne Kontrole*. 1964, 14 p. (20c).

A. 35. Van der Walt, P. J.: *Die Mens in die Kriminologie*. 1964, 26 p. (25c).

A. 36. Beeton, D. R.: *Aesthetics and Morality; with particular reference to English Literature*. 1964, 32 p. (25c).

A. 37. V. D. Bogaerde, F.: *Die Taak van die Suid-Afrikaanse Ekonoom*.

Series/Reeks B

B. 1. Simposium: *Probleme in verband met die Kontaksituasie tussen Westerse en Inboorlingvolke in Afrika Suid van die Sahara*. Referente: A. E. du Toit, F. E. Rädel, B. S. van As en E. F. Potgieter. 1956, 42 p. (30c).

B. 2. Sinclair, F. D.: *A. E. Housman: An Evaluation*. 1957, 16 p. (20c).

B. 3. Herskovits, M. J.: *Anthropology and Cultural Change in Africa*. 1957, 29 p. (40c).

B. 4. Holm, E. S.: *Samos, Genesis van Westerse Vorm*. 1957, 28 p. Zusammenfassung in Deutsch. (30c).

B. 5. Potgieter, E. F.: *Dinamiese Aspekte van die Suid-Afrikaanse Kontaksituasie*. 1957, 19 p. (20c).

B. 6. Van Jaarsveld, F. A.: *Die Afrikaner se Geskiedsbeeld*. 1958, 33 p. (20c).

B. 7. Simposium: *Aspek as Uitdrukkingsmiddel van Handeling*. Referente: H. J. J. M. van der Merwe, D. Ziervogel, O. A. von Weber en B. A. T. Schneider. 1958, 48 p. (40c).

B. 8. Scholtz, G. D.: *Die Geskiedkundige en Aardsrykkundige Agtergrond van die Huidige Internasionale Toestand*. 1958, 16 p. (20c).

B. 9. Steven, S. J. H. en/and Viljoen, G. van N.: *Cicero, Student en Staatsman/Cicero, Student and Statesman*. 1959, 34 p. (30c).

B. 10. Louw, M. J.: *Enkele Gedagtes oor die Geografiese Streeksbegrip*. 1959, 28 p., bibl. (20c).

B. 11. Simposium: *Kulturele Kontaksituasies*. Referente: Theo van Wijk, C. P. T. Naudé, D. Ziervogel, F. D. Sinclair en H. J. J. M. van der Merwe. 1960, 64 p. (75c).

B. 12. Muller, C. F. J.: *Waarom die Groot Trek geslaag het*. 1960, 24 p. (40c).

B. 13. Van Rooyen, I. J. J.: *Diagnostiese en Funksionele Benaderings in die Gevallestudiemetode — 'n Oorsig en Evaluasie*. 1960, 36 p. (40c).

B. 14. Gonin, H. T.: *Mortality Trends in South Africa — Some Comparisons with Population and Assured Lives' Mortality in Great Britain and Population Mortality in Certain Dominions*. 1960, 61 p. (75c).

B. 15. Simposium: *Die Digter oor sy Digproses*. Referente: G. van N. Viljoen, J. W. Valkhoff, F. D. Sinclair en E. Botha. 1961, 59 p. (60c).

B. 16. Simposium: *Vertaling*. Referente: D. M. Kriel, E. Davis, M. J. Posthumus en R. S. Meyer. 1961, 47 p. (60c).

B. 17. De Vleeschauwer, H. J.: *Jean Jacques Rousseau; By die tweehonderd-en-vyftigste Herdenking van sy Geboortedag*, 1712–1962. 1963, 28 p. Résumé en français. (20c).

B. 18. Simposium: *Intensie*. Referente: S. A. Straus, C. F. Kruger, A. M. T. Meyer en R. S. Meyer. 1964, 50 p. (50c).

B. 19. Simposium: *Die Hervertolking van ons Geskiedenis*. Referente: F. A. van Jaarsveld, Theo van Wijk, C. F. J. Muller en G. D. Scholtz. 1964, 104 p. (90c).

B. 20. De Vleeschauwer, H. J.: *Chronologie vir 'n sosiokulturele Geskiedenis van die Weste*. 1964, 40 p. Résumé en français. (40c).

B. 21. Kaser, Max: *Two Lectures on the Present-Day Position of Roman Law*.

Series/Reeks C

C. 1. De Vleeschauwer, H. J.: *Three Centuries of Geulincx Research; A Bibliographical Survey*. 1957, 72 p. (50c).

C. 2. Louw, J. A.: *The Nomenclature of Cattle in the South Eastern Bantu Languages*. 1957, 19 p. (20c).

C. 3. Van der Merwe, H. J. J. M.: *Die Prioriteit van die Kaapse Teks van Jan van Riebeeck se Daghregister*. 1958, 20 p. (20c).

C. 4. Venter, I. S. J.: *Die Anglikaanse Kerk en sy Stryd om Staatsondersteuning in die Oranje-Vrystaatse Republiek*. 1958, 64 p., bibl. (20c).

C. 5. Rauche, G. A.: *Die praktischen Aspekte von Lockes Philosophie: die Bedingtheit der negativen Kritik Lockes durch den ethischen Charakter des Essay*. 1958, 127 p. (50c).

C. 6. Ruch, E. A.: *Space and Time; A Comparative Study of the Theories of Aristotle and A. Einstein*. 1958, 62 p. Opsomming in Afrikaans. (30c).

C. 7. Blignaut, F. W.: *Enkele Aspekte van die Alkoholverbruik deur die Witmuis in die Laboratorium*. 1958, 56 p. (30c).

C. 8. Du Preez, A. M.: *Lys van Verhandelings en Proefskrifte aanvaar deur die Universiteit van Suid-Afrika*, 1919–1958/*List of Dissertations and Theses accepted by the University of South Africa*, 1919–1958. 96 p. (60c).

C. 9. Potgieter, E. F.: *Enkele Volksverhale van die Ndzundza van Transvaal*. 1958, 36 p. (20c).

C. 10. Blignaut, F. W.: *Oor- en Dwangmatige Verbruik van Alkohol as Afwykende Gedrag by Eete en Drinke*. 1959, 21 p., bibl. (20c).

C. 11. Crause, H. L.: *Immigrasie-ontplooiing en Immigrasieproses; Die Immigrasiepatroon, -beleid en -administrasie in Kanada*. 1959, 39 p. (30c).

C. 12. Van Rooyen, I. J. J.: *'n Ontleding van die Gesinsagtergrond van Blanke Sorgbehoewende Kinders in Suid-Afrika en van die Rehabilitasiemetodes wat in die verband aangewend word.* (Nie meer beskikbaar nie./No longer available.)

C. 13. Muller, C. F. J.: *Karel Landman op Trek: van Melkhouteboom na Bloukransrivier, Oktober* 1837 *tot Maart* 1838. 1959, 33 p. (30c).

C. 14. Whittock, Trevor: *An Essay on Poetic Diction*. 1959, 59 p. (30c).

C. 15. Swanepoel, J.: *Europese Ekonomiese Samewerking sedert die Tweede Wêreldoorlog*. 1959, 48 p., bibl. (30c).

C. 16. Broos, J. A. R.: *'n Definisie en Indeling van Modaliteit*. 1959, 47 p (50c).

C. 17. De Coning, C.: *The Regional Distribution of Purchasing Power in the Transvaal.* 1959, 61 p. (50c).

C. 18. Venter, I. S. J.: *Die Sendingstasie Thaba 'Nchu,* 1833—1900: *Die werk wat op die gebied van Kerk en Skool deur die Wesleyane onder die Barolong gedoen is.* 1960, 56p. (50c).

C. 19. Muller, C. F. J.: *Summaries of Theses accepted by the University of South Africa in* 1959/*Opsommings van Tesisse aanvaar deur die Universiteit van Suid-Afrika in* 1959. 60 p. (50c).

C. 20. Venter, I. S. J.: *Die Ruilkontrakte in* 1833–34 *aangegaan tussen Mosjesj en die Wesleyane.* 1960, 55 p. (50c).

C. 21. Van der Merwe, H. J. J. M.: *Belgies-Kongo; 'n Sosio-linguistiese Studie.* 1960, 46 p. (50c).

C. 22. Sinclair, F. D.: *Three Papers on Tragedy.* 1960, 36 p. (50c).

C. 23. Meyer, A. M. T.: *Waarheid en Ooreenstemming; Die Problematiese in die Ooreenstemmingsteorie.* 1960, 16 p. (40c).

C. 24. Cilliers, D. H.: *Onderwysbeleid en -beheer in Suid-Afrika,* 1910–1960. 43 p., bibl. (50c).

C. 25. Steyn, J. L.: *Summaries of Theses accepted by the University of South Africa in* 1960/*Opsommings van Tesisse aanvaar deur die Universiteit van Suid-Afrika in* 1960. 62 p. (75c).

C. 26. De Pauw, W.: *De Vriendschap van Albert Verwey en Stefan George.* 1960, 57 p. (75c).

C. 27. De Vleeschauwer, H. J.: *More seu Ordine geometrico Demonstratum* (en français). 1961, 87 p., bibl. No summary. (75c).

C. 28. Naudé, C. P. T.: *Die Ontstaan van die Romeinse Geskiedskrywing.* 1961, 23 p. (30c).

C. 29. Davis, E.: *Yeats's Early Contacts with French Poetry.* 1961, 63 p. (60c).

C. 30. Van Zyl, M. C.: *Dinizulu se vlug na die Suid-Afrikaanse Republiek in* 1888. 1961, 39 p. (40c).

C. 31. Davey, A. M.: *The Bondelzwarts Afiair; A study of the Repercussions,* 1922–1959. 1961, 28 p. (40c).

C. 32. Steyn, J. L.: *Summaries of Theses accepted by the University of South Africa in* 1961/*Opsommings van Tesisse aanvaar deur die Universiteit van Suid-Afrika in* 1961. 48 p. (60c).

C. 33. Haffter, Pierre: *Isabelle de Saint-Aureol* (en français). 1961, 20 p., bibl. (30c).

C 34. Du Toit, A. E.: *The Earliest British Document on Education for the Coloured Races.* 1962, 40p. (40c).

C. 35. De Vleeschauwer, H. J.: *Plans de'études au XVIIe siécle,* 1; *Le Plan d'ètudes de René Descartes.* 1962, 60 p. No summary. (80c).

C. 36. Van Jaarsveld, F. A.: *Die Tydgenootlike Beoordeling van die Groot Trek,* 1836–1842. 1962, 56 p. (75c).

C. 37. Van Zyl, M. C.: *Die Koms van die Boere na Zoeloeland in* 1884; *Genooides of Indringers?* 1962, 32 p. (35c).

C. 38. Venter, I. S. J.: *Die Bloemfonteinse Bewaarskool,* 1874–1900; *Die eerste Staatsondersteunde Kindertuin in die Republiek van die Oranje-Vrystaat.* 1962, 35 p. (35c).

C. 39. Lightigfeld, A.: *Aspects of Jaspers's Philosophy.* 1963, 74 p. (75c).

C. 40. Naudé, C. P. T.: *Summaries of Theses accepted by the University of South Africa in* 1962/*Opsommings van Tesisse aanvaar deur die Universiteit van Suid-Afrika in* 1962. 53 p. (60c).

C. 41. Leverton, B. J. T.: *The Natal Cotton Industry,* 1845–1875; *A Study in Failure.* 1963, 38 p. (40c).

C. 42. Van Jaarsveld, F. A.: *Die Beeld van die Groot Trek in die Suid-Afri-Kaanse Geskiedskrywing,* 1843–1899. 1963, 82 p. (75c).

C. 43. Strauss, S. A.: *Aspekte van die Begrip „Toestemming" in die Strafreg en die Deliktereg; 'n Regsvergelykende Studie met besondere verwysing na die Verweer Vrywillige Aanvaarding van Risiko.* 1963, 75 p., bibl. (75c).

C. 44. Meyer, A. M. T. and Meyer, R. S.: *Philosophical Arguments.* 1963 27 p. (20c).

C. 45. Meyer, R. S.: *Plato's Euthyphro; An Example of Philosophical Analysis.* 1963, 26 p. (20c).

C. 46. Sinclair, F. D.: *The Chronology of Gray's Elegy; An Essay on the Origins of the Poem.* 1963, 52 p. (35c).

C. 47. Du Toit, A. E.: *The Earliest South African Documents on the Education and Civilization of the Bantu.* 1963, 91 p. (80c).

C. 48. De Vleeschauwer, H. J.: *Plans de'ètudes au XVIIe siécle, II; Le Plan d'ètudes d'Arnold Geulincx.* 1964. 70 p. No summary. (80c).

C. 49. Van den Bogaerde, F.: *Collective Bargaining and Wage Formation in Italian Industries.* 1963, 49 p. (35c).

C. 50. Naudé, C. P. T.: *Summaries of Theses accepted by the University of South Africa in* 1963/*Opsomming van Tesisse aanvaar deur die Universiteit van Suid-Afrika in* 1963. 1964, 80 p. (75c).

C. 51. Liebenberg, B. J.: *Nederland en die Voortrekkers van Natal,* 1964, 60 p. (60c).

C. 52. Broos, J. A. R.: *Aspek, 'n driedimensionale Interpretasie.* 1964, 52 p. Résumé en français. (50c).

C. 53. Haffter, P.: *Summaries of Theses accepted by the University of South Africa in* 1964/*Opsommings van Tesisse aanvaar deur die Universiteit van Suid-Afrika in* 1964. 136 p. (R1.25).

C. 53. The Publications Committee/Die Publikasiekomitee (P. Haffter, ed./red.): *Summaries of Theses accepted by the University of South Africa in* 1964/ *Opsommings van Tesisse aanvaar deur die Universiteit van Suid-Afrika in* 1964. ( ).

C. 54. de Vleeschauwer, H. J.: *Le Problème du Suicide dans la Morale d'Arnold Geufinex.* ( ).

C. 55. Blignaut, F. W.: *Alcohol and Functional Processes.* ( ).

C. 56. Grey, P. C.: *Eilande in die Vaalrivier.* ( ).

Supplements, Series C/Supplemente, Reeks C

C.S. 1. Festschrift: *H. J. de Vleeschauwer.* 1960, 233 p. (R2.00).

Series/Reeks D.

To this series belong C8, C19, C25, C32, C40, C50 and C 53.

Tot hierdie reeks behoort ook C8, C19, C25, C32, C40, C50 en C53.

Reeks/Series D: (Hieronder resorteer ook die volgende/To this series belong: C19, C25, 32, 40, 50, 53.).

No. 1. Dannenbring, R.: *The Classification of Law Books in the University of South Africa Library.* ( ).

No. 2. Proff C. F. J. Muller, F. A. van Jaarsveld, and T. v. Wijk: *A Select Bibliography of South African History.* (R3.50).